

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

## Van vis en graat gepraat

Dit het 'n bekende sêding geword: eet die vis, en spoeg die grate uit. Daarmee word bedoel: beproef alle dinge en behou die goeie. Laasgenoemde is 'n Skrifuitspraak. Eersgenoemde nie.

Die vis-en-graat argument is die laaste tyd in besonder ten opsigte van die Rick Warren-publikasie *Doelgerigte Lewe* en die Leierskapseminaar van John Maxwell aangevoer. Enkele jare gelede is dit ook vir die boekie *Jabes se gebed* uit die pen van Bruce Wilkinson ingespan. Die pleit is eenvoudig. Lees dié boeke (soos alle ander geskrifte) en neem deel aan die seminare - met onderskeiding. Gebruik daaruit wat goed is, en moenie jou aan die res steur nie.

Die vraag is: kan die vis-en-graat teorie met die Skrifuitspraak 'beproof alle dinge en behou die goeie' in verband gebring, selfs gelykgestel word? Met ander woorde: beteken dit dieselfde om vis te eet en die grate uit te spoeg as om alle dinge te beproef en die goeie te behou?

### Beproof alle dinge

Die konteks waarbinne die 'beproof alle dinge en behou die goeie'-uitspraak voorkom, is vir die verstaan daarvan van wesenlike belang. 'n Leesteken-presiese weergawe van 1 Tessalonisense 5:19-22 lui soos volg:

'Blus die Gees nie uit nie, verag die profesieë nie, maar beproef alle dinge, behou die goeie, onthou julle van alle vorme van kwaad'. Dit blyk dat dié vier verse met die vyf vermanings wat daarin vervat is, een lang sin is. Wat verder blyk, is dat die 'beproof alle dinge' in teenstelling met die direk voorafgaande 'verag die profesieë nie' geplaas word.

Paulus vermaan die Tessalonisense dat hulle die Gees nie moet uitblus nie. Dit is vermaning nommer een. Die Gees word uitgeblus wanneer die profesieë – die bediening van die Woord – verag word. Dit mag nie gebeur nie. Daar moet met verskuldigde eerbied en nougesetheid na die profesieë geluister word. Eerbiedig en nougeset luister beteken dat alle bediening van die Woord aan die Woord getoets word. Beproof alle dinge kom dus daarop neer dat die gemeente die Woordbediening van die voorgangers aan die Skrifte meet, soos wat die gelowiges in Berea gedoen het (Handelinge 17:11). Die oomblik as die Woordbediening getoets is, sal blyk wat met die Woord ooreenkom, en wat nie. Dit wat Skriftuurlik suiwer is, moet met blydskap ontvang en uitgeleef word. Dit wat onsuiver is, moet met en vanuit die Skrif weerlê word. Waar daar só opgetree word, weerhou die gemeente hulle van elke vorm van

kwaad, en blus hulle die Gees nie uit nie.

### Vis en graat

Visse het grate. Vir die mens wat die vis eet, is die grate nie deel van die maaltyd nie. Grate is oneetbaar. Selfs gevaarlik, veral as dit per ongeluk ingesluk word. Vir die vis is sy grate egter onmisbaar. Grate is die (meeste) visse se beenstruktuur, waarsonder hulle nie kan leef nie. Grate moet daar wees. Die slotsom: so oneetbaar as wat die grate vir die mens is, so onmisbaar is die grate vir die vis.

Hieruit word enkele sake duidelik:

- Grate is nie in hulleself skadelik en gevaarlik nie. Inteendeel. Visse moet deurgaans grate hê. Grate wórd slegs skadelik en moontlik lewensgevaarlik as 'n mens dit insluk. Hierdie lewensnoodsaaklik-lewensgevaarlik onderskeiding is nie geldig vir die uitleg en verstaan van 1 Tessalonisense 5 nie. 'n Leer wat van die Skrif afwyk, is altyd en vir almal skadelik en gevolglik lewensgevaarlik: vir die verkondiger daarvan (die vis) en vir die hoorder daarvan (die mens wat die vis eet). Afwykende Skrifverkondiging, valse profesieë is geen grate wat maar net uitgesif en uitgespoeg kan word nie.

## INHOUD

- |   |  |   |
|---|--|---|
| 1 Redaksioneel<br><b>Van vis en graat gepraat</b>   | 6 Aktueel<br><b>Evaluering van die Belharbelydenis (2)</b><br><i>Ds T Danzfuss</i>               | 10 Persskou<br>• <b>Die Da Vinci Kode</b><br>• <b>Babelse ver-Warren</b><br><i>Ds GJ Meijer</i> |
| 2 Skrifoorndenking<br><b>Die kerk se Hoof is alleen waardig om God se raad uit te voer</b><br><i>Ds RA Bain</i> | 9 In die koninkryk<br><b>Heroutdiens, die eerste kenmerk van die kerk</b><br><i>Dr JG Meijer</i> |   |
| 4 Fokus<br><b>Leiers of die Herder?</b><br><i>Dr ALA Buys</i>   |  |   |

Afwykende Skrifverkundiging moet weloorwoë bestry word. Daaroor gaan dit nie soseer in 1 Tessalonisense 5 nie. In ander Skrifdele, soos Galasiërs 3, kom ons wel onder die indruk van hoe kragtig die dwaalleer oopgevelek en weerlê word.

- Grate vorm die beenstruktuur van die vis. 'n Mens kan nie aan 'n vis dink sonder sy grate nie. Om 'n boek van sy grate (dit is: denkstruktuur, die basis waarop die boek geskryf en ontwikkel is) te ontdoen en die vis (dit is: die invulling van die denkstruktuur) te wil oorhou, is 'n onbegonne taak. Bowendien is dit oneerlik. 'n Mens doen die skrywer 'n onreg aan om te sê: jy het 'n paar mooi sêgoed kwytgeraak, en intussen in jou hart te weet - maar ek het jou denkstruktuur uitgespoeg.

- 'n Derde saak. Onlangs het 'n geëmeriteerde Dopper-predikant dié veelseggende opmerking met betrekking tot die *Doelgerigte Lewe* gemaak: sê nou die gemeente sluk, nieteenstaande al die gesoek na die goeie en uitsif van die slegte, tog 'n klompie grate in? Sal so 'n gemeente nie dalk verstik nie? Die vraag is relevant. Die antwoord daarop is beklemmend. Hoeveel lidmate word aan sogenaamde visse-met-grate blootgestel terwyl die versekering gegee word 'dominee sal die grate vir jou uitsif' - maar uiteindelik het 'n beduidende klomp grate oorgebly en in lidmate se geloofsteme vasgesteek? Die verwarring oor *Jabes se gebed* was groot. Die verwarring oor *Doelgerigte Lewe* nie minder nie. Positiewe uitkomst wat verwag is, realiseer nie. Die veertig-dae reis blyk toe nie so eenvoudig te wees as wat dit

wil voorkom nie. Natuurlik nie, want bekering en heiligmaking en geloofsgroei is die werk van elke dag. Lewenslank. Nie net vir die gelowige persoonlik nie, ook vir die gemeente in sy geheel.

## Balans

Mooiklinkende woorde maak 'n slegte saak nie goed nie. Om mense se gemoedere te kalmeer deur 'n kunstige vis-en-graat argument aan te voer, is nog geen gehoorsaamheid aan God en sy Woord nie. Die oproep van 1 Tessalonisense 5 sny baie anders en baie dieper as om vis te eet en grate uit te spoeg. Die Gees van God laat ons die lyn skerp trek. Verheug jou oor die waarheid in Christus, en verkondig dit. In dieselfde asem: noem dwaalleer op die naam, en versuiker dit nie met vleitaal nie.

GJM

## SKRIFOORDENKING

Ds RA Bain, Potgietersrus-Wes

# Die kerk se Hoof is alleen waardig om God se raad uit te voer

### Lees: Openbaring 5:1-14

***Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier-en-twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is.***

Sommiges meen dat ons eintlik met twee ryke en twee regeerders te make het. God regeer in die hemel en Satan op die aarde. Dit is asof die Here in 'n stryd met die Satan gewikkel is waarin die Bose soms die oorhand kry. Ag, maak maar net jou oë oop en kyk rondom jou, sal mense sê.

Om die ware toedrag van sake te sien moet ons egter nie rondom ons kyk nie, ons moet in die hemel inkyk. Maar hoe kyk ons in die hemel in?

Met die oë van die geloof. Met die oë van die geloof lees ons Openbaring. So kan ons die ware toedrag van sake sien.

In Openbaring 4 staan daar dat Johannes in die hemel inkyk en 'n troon sien. Die troon is 'n teken van regering. In hierdie geval staan die troon in die hemel - die plek waarvandaan alles bestier, gerig en geregeer word. Die troon in die hemel is die sentrum van heerskappy en van regering. Maar hierdie troon in die hemel kry slegs sy betekenis deur die Een wat op die troon sit.

Die troon is nie leeg nie. Daar is Een wat daarop sit. By die lees van die res van die hoofstuk is dit duidelik dat die Een wat op die troon sit, God self, die Skepper van alle dinge, die Almagtige en Heilige God is. Woorde kan Hom nie beskryf nie. Om Hom is daar

absolute rus en kalmte. Geen chaos of paniek of spanning nie. Hy regeer. Die troon is nie leeg is nie. Die troon word beset.

Hy sit alleen daarop, net Hy. Hy alleen regeer. Daar is net een troon en net Een wat daarop sit. Hy is Alleenheerser wat met niemand onderhandel of ooreenkom nie. Hy het geen fasiliteerders of arbiters in sy koninkryk nodig nie. Sy regering is volstrek. Daar is geen sprake van demokrasie nie. Een Koning met een ryk.

Openbaring 5 beskryf die manier waarop Hy regeer. Die Almagtige het in sy regterhand die teken van sy mag, 'n boek. Hierdie boek is van binne en buite beskrywe en goed verseël, sê vers 1. Dit was dus 'n boekrol waarvan die blaaië inmekaar gesit en dan opgerol en verseël is.

Hierdie boek is die raadsplan van God. Dit is die plan van God om hierdie wêreld na sy einde te voer. Hierdie boek is die geskiedenis en die toekoms van die ganse wêreld wat deur God bepaal is en ook opgeskryf is nog voordat die wêreld daar was. So omvangryk is hierdie plan van God dat die boek van binne en buite beskryf is.

Die raad van God is egter verseël. Dit kan nog nie in sy volheid uitgevoer word nie. Die boek moet oopgemaak word sodat die raadsplan tot volle uitvoering kan kom. As die boek nie oopgemaak word nie sal die geskiedenis nie voleindig kan word nie.

Dan roep daar 'n sterk engel sodat die hele skepping dit kan hoor. Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek? Wie is waardig genoeg om die raadsplan van die Een wat op die troon sit uit te voer?

'n Skokkende stilte volg. Johannes begin huil, omdat hy geweet het dat die geskiedenis nie voleindig kan word nie. Een van die ouderlinge kom en troos Johannes. Let op, dit is nie 'n engel nie, maar een van die lidmate van Christus se kerk. Die kerk herinner Johannes aan die woorde van die Ou Testament: Die Leeu uit die stam van Juda.

Ja, God het die belofte aan die kerk gegee dat daar Een sal opstaan om te oorwin. Vanuit die kerk sal die Volvoerder van God se raad kom. Onmiddellik sien Johannes die Lam. Hy sien nie 'n Leeu nie, maar 'n Lam wat geslag is. Dit is die Lam wat waardig is om die boek oop te maak. Christus is die Leeu wat oorwin deur 'n Lam te wees. Hy oorwin deur te sterf aan die kruishout.

Hy oorwin deur sy bloed te stort, deur die Satan se aanklagte tot niet te maak, deur die kerk los te koop van God se oordeel. Net die Een wat die kerk met sy bloed gekoop het mag die res van die skepping verlos en die geskiedenis voleindig. Niemand anders nie.

Net Hy kan die boek oopmaak. Nie 'n engel, nie een van die vier diere, nie een van die ouderlinge of die Satan nie. Net Hy alleen. Die Lam tree nou na vore, reusagtig groot in sy majesteit. Met sy deurboorde hande neem Hy die boek uit die

regterhand van Hom wat op die troon sit. Onmiddellik val die ouderlinge voor Hom neer.

Hy is die Heerser. Hy is die Almagtige Koning. Hy is die uitvoerder van God se raad. Hy is nie net die hoogste gesag nie, Hy is die enigste gesag - die magtigste Koning wat die wêreld nog ooit gesien het, die Hoof van die kerk. Dan lees ons verder hoedat Christus die seëls van die boek breek. Hy is die uitvoerder van God se raad sodat die nuwe hemel en die nuwe aarde uiteindelik kan kom.

Hierin lê ons troos:

- Eerstens dat God alleen regeer.
- Tweedens dat alles in sy raadsplan vervat is.
- Derdens dat net Christus God se raad ten behoeve van sy kerk mag uitvoer. God wil dit so dat die Een wat die kerk met sy bloed gekoop het sy raadsplan ook uitvoer. Niemand anders nie.

Ter wille van sy kerk maak Christus elke seël oop. Die Hoof van die kerk is ook Hoof oor alle dinge. Ja, daar regeer Hy ter wille van God se eer. God se eer beteken ook dat Hy ter wille van die kerk regeer.

Wat 'n troosryke openbaring! Christus regeer hierdie ganse wêreld ter wille van God se eer en daarom ook ter wille van ons. Alles wat gebeur, al die oorloë en rampe, gebeure op politieke gebied, al die uitvindings en tegnologiese vooruitgang, die misdaad, die veragtering in genade, die sedeloosheid, die dwalinge, daaroor regeer Christus ter wille van sy kerk.

Niks, maar niks gebeur sonder dat dit in die raad van God opgeskryf is nie. Die uitvoering van sy raad is juis ook ten behoeve van ons, sy kerk.

Sien u met geloofsoë tot in die troonkamer van God waar Christus besig is om die boek se seëls oop te breek? Dink u dat daar iets is wat gebeur wat nie in daardie boek opgeskryf is nie? Dink u dat Christus wat ons met sy bloed gekoop het ons sal verwaarloos deur sy regering? Dink u Christus se regering is 'n reaksie teen dié van die duivel? Dink u miskien daar is twee ryke wat in stryd met mekaar staan? Dink u miskien Christus is maar net 'n hoër gesag as die duivel?

Nee, die Lam onderhandel nie, of reageer nie, of maak ooreenkomste nie. Hy probeer nie mense of regerings se guns wen nie. Hy probeer nie 'n balans behou of 'n middeweg inslaan nie. Hy is Alleenheerser met die enigste gesag. Die Satan en al sy trawante kan die regering van Christus nie ontvlug nie. Alles is in die boekrol opgeskryf. Ook al Satan se bese planne.

Openbaring 5 troos ons om alles te verdra, om nie ontredder in hierdie wêreld te wees nie, om elke dag met geloofsoë in die hemel in te kyk en te sê: Here, U is waardig, U alleen regeer. Vanuit die kerk kom die Lam wat oorwin het met sy bloed. Hy het die boek uit die hand geneem van Hom wat op die troon sit. Hy is besig om die boek se seëls oop te breek. Hy is die Leeu uit Juda. Hy is die Koning. Reusagtig groot in sy majesteit regeer net Hy alleen. Hy bring alles tot voleinding.

## Van die redaksie

Die webbladsy van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel (<http://www.vgl.co.za>) het die afgelope maand 'n nuwe baadjie gekry. Dit is ook inhoudelik opgegradeer. U kan onder andere al die uitgawes van Waarheid en Dwaling vanaf November 2001 tot op datum daar vind. Verder is die skakels uitgebrei.

Graag wil ons Jaco Boersema vir al sy werk in verband hiermee bedank.

Indien u enige insette wil lewer of voorstelle vir ons webblad wil maak, kan u die redaksie kontak by [jdewind@mweb.co.za](mailto:jdewind@mweb.co.za)

# Leiers of die Herder?

Ons word tans met Amerikaanse korporatiewe kerklike bemarkingsfoefies oorspoel - Maxwell, Wilkinson, Warren en so meer. Een van die dinge wat ons moet hoor is dat hier nie sprake is van 'n afbeweeg van die gereformeerde basis, die belydenis nie. Hier is slegs sprake van 'n nuwe reformatoriese styl, evangelies, energiek. Ons moet hoor dat bedieningsmodelle (as daar so iets is) aangepas is en opgedateer moet word om by die eise van die nuwe tyd aan te pas, sodat die Gereformeerde Kerk (dit is wat op die bordjie staan) in uitdagende tye kan groei en die wêreld vir Christus kan wen. Deur en deur sosiologiese studies word deesdae met 'n paar Bybelversies versier en as teologie aangebied. Kortliks kom dit op die volgende neer: in die sakewêreld, veral by die Amerikaners, word na sogenaamde suksesvolle sakeresepte, na bestuurspraktyke en sakestrategie gekyk. Hierdie bestuursbeginsels word dan afgestof en opgedis as kerklike modelle wat 'jou' kerk sal laat groei. Groei, getalle en natuurlik geld is die trefwoorde.

## Twee modelle

Die nuutste is om die sogenaamde herdersmodel te vervang met 'n leierskapsmodel (Engels: *Leadership*). Die gereformeerde dominees, die dapper jonges en die bang oues, dié wat gedurende hulle opleiding grootgemaak is om met waarheidsmomente te werk, het soos volg met die sakkie omgegaan. 'n Waarheidsmoment-metingsstelsel is ontwerp wat nie na die grondvrae, die fundamente waarop 'n uitspraak, stelsel of model rus, vra nie. Dit vra wat bruikbaar is vir my eie 'gereformeerde' omstandighede. Dan gebeur daar iets snaaks met die kerk. Die kerk kry 'n nuwe woordeskat en 'n nuwe spyskaart. Die waarheidsmomente is natuurlik vlietende hersenskimme. 'n Vy bly maar 'n vy, al droog jy hom en plak hom aan jou kersboom vas en noem dit 'n roos-ster.

Hoekom moet ons die nuwe Amerikaanse Arminiaanse woordeskat aanleer wat op geldtap gerig is? Hoekom moet die kerk, wat slegte spysvertering van die nuwe kerklike spyskaart kry, rondgeskop en verneder word asof ons nie wil aanpas en bykom nie? 'n Mens kan nie 'n dwaling reg vertaal nie. Woorde het betekenis. Woordeskat en spyskaarte verrai 'n wortel. Daar is nie so iets soos waarheidsmomente nie. Christus is die waarheid. As 'n mens sê dat hy 'n momentjie het waar hy Hom sien en net daardie momentjie in sy kerk wil toepas, moet hy weet dat hy 'n turksvy pluk.

Kom ons toets die nuwe woordeskat van die nuwe 'gereformeerde' predikante, kerkrade en gemeentes of dit wel die stem van die Herder is, of die waarheidsmoment van die leierskapsmodel werklik bestaan.

## Is ouderlinge leiers?

Volgens die nuwe model moet die leierskap in die kerk geaktiveer word. Gawes moet opgediep en effektief benut word. Dit klink so gereformeerd. Ouderlinge is tog leiers ... Nee, u verstaan die model nog nie lekker nie. Onthou elke maatskappy het net een besturende direkteur. Ons moet ons woordeskat regkry. Die dominee moet 'n goeie bestuurder wees. Hy moet die ouderlinge bestuur om die grootste effek te kry. Hoe kleiner hoe beter. Weg met groot kerkrade. 'n Jong dinamiese bestuurspan is net die ding. Ons kerk moet 'n visie hê. Daarom hou ons 'n bosberaad. Dink en skrum en skryf en die visie gee geboorte aan 'n missie. Nou weet ons elke maatskappy moet 'n eie identiteit hê - 'n korporatiewe beeld. Dit skuur en dit skaaf tot ons nou ons doelstellings het. Dan formuleer ons 'n strategie en implementeer dit. Soos by alle korporatiewe (vriendelike of vyandige) oornames is daar tog 'n paar weerspannings wat nie die nuwe woorde en werke onder die knie kan kry nie. Ons pakketteer, etiketteer en

isoleer hulle.

Siedaar, ons het 'n pragtige nuwe gereformeerde kerk - op die ou terrein - waarna duisende uit die wêreld heen stroom. Die kerk-krisis is verby. Die nageslag is gered, die kerk bly leef. *Viva the leadership-model*. Vis en grate en al.

## Kerkroef

Dwalings is egter nie 'n vertalingsfout nie. Modelle kan die kerk doodmaak. As ons die twee modelle vergelyk kom ons agter dat Christus van sy kerk beroof word.

Die grondfout van die leierskapsmodel is dat dit aan die kerk dink, sonder Christus. Teologies gestel: hulle dink aan Hom net as Priester, maar nie as profeterende Priester-Koning nie. Vir hulle is Hy die priesterlike uitdeler van gawes, maar nie die koninklike opgewa-gewer nie. Hoeveel keer moet ons nog hoor dat dwalings weggesteek word met die woorde: watter verskil maak dit nou aan my saligheid? Die ampte van Christus kan nie geskei word nie. Dit is niks anders as die aanranding van sy koninklike majesteit nie. Christus kan nie van sy kerk geskei word nie. Dit is niks anders as die berowing van God nie. Die nuwe leierskapsmodel maak die gawes in die kerk los van die Gewer en die Opdraggewer van die kerk. Kom ons kyk na 'n paar kenmerke van die leierskapsmodel en vergelyk dit dan met die waarheid van die Woord.

- Leiers tree namens Christus op. Herders tree in die Naam van Christus op.
- Leiers doen dinge vir die Here. Herders doen die diens van Christus self.
- Leiers dreig met die tug. Herders bedien die tug.
- Leiers gee meer aandag aan getalle as gehalte. Herders gaan soek die een verlore brandsiek skaap op.
- Leiers hou van finansiële sterk lidmate - want die model se wins

is sukses. Herders weet arm mense kan ook ryk in Christus wees.

- Leiers bou die 'kerk' rondom hulle eie persoon. Herders bou op die fondament, Christus.
- Leiers het 'n korporatiewe kerklike beleid. Herders het 'n belydenis.
- Leiers hou van hulle eie stem. Herders weerklank die Herder se stem.
- Leiers reël beroepe vir hulleself en ander omdat sakeleiers aansoek doen vir beter betrekkings. Herders wag en werk waar die Herder hulle stuur.
- Leiers maak hulleself die verdelingspunt in dispute oor hulle eer. Herders twis soms oor die eer van die Herder.
- Leiers dink en dan bid hulle vir seën op hulle planne. Herders bid en volg die Herder in wat Hy doen.
- Leiers het blink buiteleuens en bedekte binnekante. Herders weet dat hulle ook ampsondes kan pleeg.
- Leiers ontslaan mense. Herders jaag niemand weg nie.
- Leiers het *joint ventures* met ander blink kerke. Herders weet dat kerkverband 'n geheiligde band is.
- Leiers wil die jonges met die nuutste beïndruk. Herders voed die lammertjies met die Woord.
- Leiers hou van vrouens langs hulle in die bank. Herders weet vroue is gelyk in hulle redding, verskillend in hulle roeping.
- Leiers kan nie ly nie. Herders verlang na die kroon van die lewe.
- Leiers kan nie vermanings verdra nie en sien dit in vervolgingsterme. Herders buig onder die Woord en weet vervolging volg soms op getrouheid.
- Leiers hou van hulle eie gawes. Hulle erken God die Heilige Gees as die Gewer daarvan, maar nie die Here Jesus Christus as die Opdraggewer nie. Herders weet dat daar 'n verskeidenheid van genadegawes is, deur dieselfde Heilige Gees, en dat daar 'n verskeidenheid bedieninge is deur dieselfde Here (1 Korintiërs 12:4-5).
- Leiers spog gemaak-nederig met hulle eie kerklike statistiese

prestasies. Herders weet dat die verskeidenheid geestelike werkinge gerig is op God die Vader se eer.

- Leiers klink gereformeerd as hulle sê mense moet konings, profete en priesters wees. Herders haal die belydenis reg aan, dat ons deel het aan Christus se salwing. Hy is Profeet en Priesterkoning in my.
- Leiers gee nie regtig om as die kerk skeur nie - solank die balansstaat darem nog klop. Herders weet kerkskeuring is 'n gruwel voor God.
- Leiers is ook soms leiers in geheime organisasies. Herders is nooit deel van geheime organisasies nie, omdat die gewete net deur die Woord en geen ander geheime afspraak gebind mag word nie.
- Leiers preek Christus net as Verlosser. Herders preek Christus as Verlosser en Regter.
- Leiers lê nie klem op God se wet nie - dit is nie 'n goeie verkoopstegniek om mense met die wet af te sit nie. Herders weet dat as jy God liefhet sal jy sy gebooië nakom.
- Leiers dink dit is oulike onderlinge meelewing as die gemeente 'n blokbespreking vir 'n Jesus-afbeeldende film doen. Herders weet dat Jesus van Nasaret God is en dat die volle Godheid liggaamlik in Hom woon (Kolossense 2:9). Die twee nature van die Here Jesus kan 'n mens nie teen mekaar afspeel nie.
- Leiers hou van liefhê, maar is spaarsamig op die waarheid. Herders weet dat die waarheid in liefde betrag moet word.
- Leiers het waarheidsmomente. Herders ken die Weg en die Waarheid en die Lewe en weet dat Hy geen moment is nie, maar ewig.
- Leiers bewerk meerderheidstemme deur vooraf manipulasie-fasilitering. Herders stem nie oor die waarheid nie, maar stem in met die waarheid. Herders volg nie die meerderheid in verkeerde dinge nie (Eksodus 23:2).
- Leiers hou van modelle. Herders doen wat die Opperherder wil.
- Leiers sê maklik: wat het dit in elk geval met my saligheid te doen? Herders sê: aangesien ek

salig is, verdien God om op alle lewensterreine geëer te word.

- Leiers het 'n identiteit. Herders het 'n gewone naam.
- Leiers is huurlinge. Herders is seuns van die erfgenaam.
- Leiers praat van 'my kerk'. Herders weet dat die kerk van Christus alleen is.
- Leiers sing populêr soos die eerste hoorders. Herders sing 'n nuwe lied en weet dat die Ou Testament van Christus getuig.

Genoeg. Gereformeerde predikante, kerkrade, gemeentes en lidmate wat 'n leierskapsmodel soek - weet julle dat jul nuwe woordeskat vreemd en nie nuut is nie? Weet julle regtig waarmee julle besig is? As julle die kerk klaar gemodelleer het, gaan dit nog die kudde van die Herder wees?

Luister, al julle herders wat so graag leiers wil wees. Jesus Christus sien wat julle met sy kerk aanvang. Hy gaan rekenskap van jou en jou model eis oor al die siele onder jou sorg. Wie die tempel van God skend, hom sal God skend - en is die kerk dan nie ook tempel waar die Heilige Gees, die Gewer van die gawes, in woon nie? Is Jesus Christus vir julle die Opdraggewer oor die aanwending van gawes? As God dan julle Vader is - waar is sy eer? Bekeer julle, of is julle seker dat daar nie onskuldige bloed op die hande sal wees nie? Die fondament is Christus. Wees versigtig hoe en wat jy daarop bou. Dit is God se kerk.

# Evaluering van die Belharbelydenis (2)

## Belhar, die Trojaanse perd met 'n vreemde teologie en suur vrugte

Ons ken die legende van die Trojaanse perd. Die Grieke het Troje binnegeval deur hul soldate in 'n groot houtperd weg te steek. Onbewus van die gevaar is die perd tot binne die stad gebring. Skielik is die perd se maag oopgemaak, die soldate het uitgespring en die stad oorwin.

Die Belydenis van Belhar is net so gevaarlik soos hierdie Trojaanse perd. Niksvermoedende lidmate aanvaar dit, onbewus van die vreemde teologie wat daaragter skuil. Soos die Trojaanse perd 'n bloedspoor in Troje nagelaat het, so het Belhar 'n geskiedenis van verdeeldheid in die kerk nagelaat.

## 'n Boom met suur vrugte

### • Onenigheid by sy geboorte

In die vorige artikel het ons gewys op die invloed wat die Wêreldberaad van Gereformeerde Kerke in Ottawa op die sinode van Belhar 1982 gehad het. Die sinode van Belhar word 'n replika van Ottawa met sy verdeeldheid en dubbele agenda.

Eerste tekens. Reeds voor die konstituering was daar 'n groep wat van meet af aan probeer het om die vergadering volgens 'n geheime agenda te stuur. Dr van der Merwe beskryf dit in sy doktrale proefskrif: 'Kort nadat die Scriba synodi ds. PWL Sinclair die amptelike sameroeping van die sinode voorgelees het ... het die poppe begin dans'. Dominees De Waal en Appies, albei ondertekenaars van die rewolusionêre Kairosdokument van 1986, het 'n ordemosie ingedien om die stemreg van die blanke NG predikante (sendelinge) te ontnem. Dit het soveel chaos veroorsaak dat die vergadering vir 'n dag lank moes

verdaag om regsadvies in te win. Die mosie was buite orde.

Twis oor moderatuur. Die twee kandidate vir moderator was dominees Mentor en Boesak. Ds Mentor is verkies met 'n meerderheid van 7 stemme. Die volgelinge van dr Boesak het geweier om die uitslag te aanvaar. Dr van der Merwe beskrywe dit so: 'Met die aanvang van die teepouse was die pasverkose moderatuur se posisie onmiddellik betwis ... Selfs die ernstige pleidooi van die lankdienende skriba ds. PWL Sinclair kon nie verhoed dat met die protes voortgegaan word nie. Sy woorde: "Ons het so iets nog nooit beleef nie" eggo waarskynlik die gebeure op die vergadering die beste ... Die pasverkose moderator het verskeie kere onsuksesvol probeer om voort te gaan met die verkiesing van 'n assessor, maar die proteste het voortgegaan ... Daar was duidelik tweespalt in die geledere van die NG Sendingkerk tussen die gematigde groep afgevaardigdes en 'n meer radikale groep Boesak-ondersteuners'.

*Status Confessionis*. Die verborge agenda word al duideliker. Op Vrydag 1 Oktober 1982 word 'n *Status Confessionis* oor apartheid verklaar. Apartheid word as kettery en afgodsdienis verwerp. 185 Afgevaardigdes stem daarteen en 74 dring aan dat hulle teenstem skriftelik genotuleer word. Die notule toon dat daar groot skok en verslaenheid in die vergadering was.

'n Nuwe belydenisskrif. Sonder dat daar ooit so 'n item op die agenda was, besluit die sinode om hul eie nuwe belydenisskrif op te stel. Nadat die veroordeling van apartheid en die besluit oor die *Status Confessionis* goedgekeur is, staan prof Bam op en verduidelik dat die besluit ingrypende implikasies het. Hy wys dat die sinode verplig is om verder te gaan en 'n nuwe geloofsbelydenis moet opstel.

Die moderatuur benoem toe 'n kommissie wat nog tydens die

vergadering 'n geloofsbelydenis vir goedkeuring moet voorlê. Hulle ontvang geen duidelike opdrag oor die inhoud van die belydenis nie. Al wat duidelik was, was dat dit teen apartheid moes wees, en dat dit baie haastig opgestel moes word.

Profetiese woorde. Die vleeslike gesindheid in die sinode het gesentreer rondom die verborge agenda. Die woorde van die bejaarde kleurling predikant, ds Smith van Uppington, is 'n goeie opsomming van die atmosfeer. Op 5 Oktober lees hy 'n skriftelike verklaring aan die sinode voor: 'ek is met verslaenheid geslaan om in 'n vergadering van 'n kerk soveel liefdeloosheid, venyn, bitterheid en onverdraagsaamheid te kon waarneem ... Die gees en gesindheid wat hier geopenbaar is, het die Kerk op 'n pad geplaas waarop ons die vrugte nog sal pluk ... As hierdie gees en gesindheid voortduur, dan gaan ons mekaar vorentoe verteer, as ons voortbou op die ingeslane weg sal ons voordat ons kerkeenheid bereik, in ons eie geledere disintegreer en verbrokkel ...' Die woorde was profeties oor die verdeeldheid wat sou volg.

### • Eenheid met die NG Kerk is verbreek

Die eerste vrug van Belhar was dat die NG Sendingkerk eensydig die eenheidsband tussen moeder- en dogterkerk verbreek het. Ten spyte hiervan het die NG Kerk nog nooit sy finansiële of geestelike ondersteuning aan hierdie dogterkerk gestaak nie.

### • Skeuring in die NG Kerk

Die omvang van onenigheid en skeuring wat die Belharbelydenis reeds binne die NG Kerk veroorsaak het, is moeilik berekenbaar, maar enorm. Vanaf 1986 is daar toenemende druk op die NG Kerk geplaas om die Belharbelydenis te aanvaar. Dit het baie verdeeldheid

veroorzaak wat op 'n groot kerkskeuring in 1987 uitgesluit het, toe die Afrikaanse Protestantse Kerk met 3 000 lidmate gestig is. Tans het hulle gegroei tot 50 000 lidmate en 246 gemeentes. Die kerkgeskiedenis toon 'n direkte verband tussen die AP Kerk se groei en die NG Kerk se houding teenoor die Belharbelydenis.

'n Mens sidder as jy dink aan skeurings wat vir die NG Kerk wag as Belhar sy amptelike belydenis gaan word! Daar is nog duisende lidmate in die NG Kerk wat nie bereid is om die knieë voor Belhar te buig nie. Die Algemene Sinode probeer om hierdie skeuring te verhinder. In 2004 by Hartenbos is 'n dwase besluit geneem: Belhar kan as volwaardige belydenis aanvaar word, maar dit sal opsioneel wees vir gemeentes en lidmate! Watter krag het so 'n belydenis dan? Beteken dit dan dat aanvaarding van ons ander belydenisse ook opsioneel is?

### • Skeuring in die NG Kerk in Afrika (NGKA)

Dit was die volgende skeuring as gevolg van die Belharbelydenis. Belhar het die NG Sendingkerk geïsoleer. Dit was vir hulle belangrik om nou so gou as moontlik met iemand te verenig. In 1994 is 'n kerkvereniging met die NGKA op 'n onbehoorlike wyse deurgedruk. Die resultaat was dat slegs 'n deel van die swart NGKA met die bruin NG Sendingkerk verenig het om die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (VGKSA) te word.

Baie van die NGKA se gemeentes het geweier om te verenig. In die Vrystaat was daar 'n hele sinode met 123 gemeentes asook die sinode van Noord-Kaap (Phororo) wat teen die vereniging was. Die tussentydse moderator van die NGKA, ds Kue Kue, skryf kort na die skeuring: 'Die totstandkoming van bogenoemde kerk (die VGKSA) op 14 April 1994 is vir baie van ons kerkrade en gemeentes en selfs ringe van die NG Kerk in Afrika 'n oorsaak van groot smart en 'n rede tot groot kommer... Die NGKA het baie verloor... Hy het sy eenheid in Christus verloor. Hierdie nuwe kerk het onder ons as broeders in Christus in ons gemeentes, ringe en selfs streeksinodes nou verdeeldheid gebring en geen eenheid nie'.

Al hierdie gemeentes het die Belharbelydenis verwerp. Ongelukkig was die skade reeds gedoen. Belhar was vir nog 'n onherroeplike skeuring verantwoordelik.

### • Burgerlike hofsake

Na die kerkskeuring van 1994 het 'n reeks hofsake gevolg. Die nuwe VGKSA het die gemeentes van die NG Kerk in Afrika gedagvaar om te verenig of om die eiendom op hul naam te kry. Daar is minstens 41 hofsake tussen die twee kerke aanhangig gemaak. Tans, na 11 jaar, is daar sover ons kon vasstel nog 24 hofsake aan die gang!

### • Verhouding tussen dogterkerke vertroebel

Die ongeveer 11 inheemse kerke wat uit die NG Kerk se sendingwerk ontstaan het, was jare lank een familie met 'n gemeenskaplike belydenisgrondslag. Hulle verteenwoordig 'n verskeidenheid taal- en kultuurgroepe onder swartmense, Indiërs, Portugese, ensovoorts. Die NG Sendingkerk (nou die VGKSA) het nie een van hierdie familiekerke geraadpleeg met die opstel van hul nuwe belydenis nie. Geen wonder dat nie een van hierdie kerke Belhar as belydenis wil aanvaar nie.

### • Band tussen susterskerke verbreek

Die debat rondom Belhar raak tans ook die susterskerke van die NG Kerk. Indien die NG Kerk voortgaan om sonder raadpleging van sy susterkerke die Belharbelydenis te aanvaar, verbreek hy eensydig sy belydenisband met die Hervormde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Hoe gaan dit ons verhouding raak in sake soos erkenning van lidmaatbewyse en kategetese, ensovoorts?

### • Ekumeniese eenheid is vertroebel

Sover ons kon vasstel is daar geen ander kerk in die wêreld wat Belhar as belydenis aanvaar nie! Selfs die Gereformeerde Ekumeniese Sinode het besluit om nie die Belharbelydenis

te aanvaar nie. Die Drie Formuliere van Eenheid word wel wêreldwyd deur gereformeerde kerke aanvaar.

Uit die paar voorbeelde hierbo genoem, is dit duidelik dat Belhar 'n lang bloedspoor van verdeeldheid tot gevolg het. Geen goeie boom kan sulke slegte vrugte dra nie!

### Belharbelydenis: die draer van 'n vreemde teologie

Die belydenis bestaan uit vyf artikels met 'n kort slot. Hulle het die belydenis self opgesom in vyf stellings wat oor die kerk handel.

Die belydenis sentreer rondom vyf begrippe naamlik: geloof, eenheid, versoening, geregtigheid en gehoorsaamheid. Hierdie begrippe kry in Belhar 'n ander betekenis as wat dit in ons gereformeerde belydenisse het.

### • Artikel 1: Geloof

Dit begin met die woorde dat die drie-enige God deur Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg. As Belhar hier sou stop, was daar geen probleme nie.

### • Artikel 2: Eenheid

Vir Belhar is kerkeenheid primêr 'n sigbare, strukturele eenheid. Hierteenoor bely ons in artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis geen strukturele eenheid nie: 'Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig'.

Belhar sê tereg dat 'hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie', maar Belhar weerspreek homself weer as hy afsonderlike kerkformasies as sonde verwerp. Jonas Mabaso van die NGKA sê in sy verhandeling oor Belhar: 'It is therefore regrettable that the issue of church unification should now be pursued through a court of law, given that there is a court case pending between the URCSA and the DRCA. In this way church unification

ceases to be a matter of faith, but is now driven by force'. Indien eenheid slegs in vryheid te vinde is, waarom stel die VGKSA dan aanvaarding van die Belharbelydenis as voorvereiste vir kerkeenheid?

Belhar ken slegs een vorm van kerkeenheid, naamlik organisatoriese of strukturele eenheid, wat meer op 'n Roomse as 'n gereformeerde kerkbegrip lyk. Mabaso antwoord so: 'The Bible does not provide or prescribe a specific model for the unity of the church. Structural unity can only be taken to be the most suitable way of expressing this unity to be visible'.

### • Artikel 3: Versoening

Weereens is daar 'n groot verskil tussen Belhar en ons gereformeerde belydenisse se begrip van versoening. Die Bybel praat van versoening vanuit die plaasvervangende versoeningswerk van Jesus Christus. Hiervan weet Belhar blykbaar niks. Belhar skryf vyf paragrawe oor versoening sonder om 'n enkele woord te sê van die plaasvervangende offer van Christus, sy ewige Hoëpriesterskap, soendood aan die kruis en toegerekende geregtigheid. Belhar se versoeningsleer gaan slegs oor horisontale versoening. Sy teksverwysings is ook bedenklik. 2 Korintiërs 5:17-21 word byvoorbeeld aangehaal waar Belhar van 'n horisontale versoening tussen mense praat. Die deel gaan egter oor versoening tussen God en mens. Vers 18 sê: 'En dit alles is uit God'. Belhar se versoeningsleer is subjektief en horisontaal waar alles die werk van die mens is. Die plaasvervangende werk van Christus wat die hart van die Bybel se versoeningsboodskap is, funksioneer nie in Belhar nie.

### • Artikel 4: Geregtigheid

Die begrip geregtigheid is 'n sentrale begrip in die Bybel. Die mens se eie geregtigheid het misluk, maar die geregtigheid van God is nou aan ons geopenbaar (Romeine 3).

Belhar gebruik die woord weereens in 'n ander betekenis: 'God wil geregtigheid en ware vrede onder mense bring ... God is op 'n

besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte ... God wil hê dat Sy Kerk Hom hierin moet navolg ... Die kerk staan teen onreg ... God en Sy Kerk staan by die verontregtes teen ongeregtheid ... Die Kerk moet getuig teen die selfsug van magtiges en bevoorregtes ...'

Wat is geregtigheid? Belhar se geregtigheid is slegs sosiale geregtigheid. Mabaso is reg as hy sê: 'Belhar has an element of Liberation Theology in itself, and is also humanistic in nature. Man is gradually pushed to the centre, whilst God seems to be gradually moved to the periphery'.

Hoe openbaar God Hom? Belhar sê God het Hom geopenbaar as die Een wat geregtigheid en vrede onder mense wil bring. Volgens die Nederlandse Geloofsbelijdenis openbaar God Homself soveel as wat nodig is vir ons saligheid met die doel dat die mense tot sy eer kan lewe. By die een is die mens die middelpunt en by die ander een is God die middelpunt.

Wie se God is God? Volgens Belhar is God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte. Hierdie stelling is die dryfkrag agter die bevrydingsteologie wat gebou is op 'n valse siening van God. Belhar werk nie met die Bybel se kontras tussen sonde en genade, gered en verlore nie, maar met die bevrydingsteologie se kontras tussen ryk en arm, bevoorregte teenoor minderbevoorregte. Die sonde skuil tog nie net by die bevoorregtes nie, maar ook by duisende minderbevoorregtes, nie net by rykes nie, maar ook by armes. God se genade is tog vir ryk en arm wat deur Jesus Christus verlos is.

Wat is die kerk se roeping? Volgens Belhar is die kerk se taak om te staan aan die kant van die verdruktes en minderbevoorregtes. Die kerk se stryd is die sosialistiese bevrydingstryd van die verdruktes. 'God is op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verontregte'. Die woordkeuse van hierdie artikel was nie 'n misverstand nie. Verskeie sinodegangers het beswaar gemaak teen die formulering,

maar die radikales wou nie toegee tot 'n ander formulering nie.

God het nie sy kerk geroep tot 'n sosialistiese drukgroep nie, maar om die versoening van Christus te bedien. Die vrug van ons versoening met God word dan sigbaar in ons verhouding met ons naaste. Laasgenoemde is onmoontlik sonder eersgenoemde. Dit geld vir slawe en hul eenaars, rykes en armes, bevoorregtes en minderbevoorregtes (Efesiërs 6:5,9).

### • Artikel 5: Gehoorsaamheid

Die oproep tot gehoorsaamheid aan God sou 'n mens kon aanvaar, maar ongelukkig staan daar: 'Ons glo dat die Kerk geroep word om dit alles te bely en te doen'. 'Dit alles' verwys na die inhoud van die vorige artikels wat ons nie kan aanvaar nie.

### Slotson

Die belydenis van Belhar is 'n gevaarlike Trojaanse perd wat 'n vreemde teologie in sy boesem koester en suur vrugte dra. 'n Kerk wat sy oë sluit vir hierdie belydenis se vreemde teologie en sy suur vrugte, moet nie verbaas wees as hy self die volgende slagoffer van verdeeldheid word nie.



# Heroutdiens, die eerste kenmerk van die kerk

## 2 Timoteus 2:16-4:8

### **Verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig**

Paulus skryf een van sy afskeidsbriewe. Die tyd van sy dood is voor die deur (2 Timoteus 4:6). Hy skryf aan Timoteus, een van die eerste predikante in die christelike kerk. Deur die handoplegging van die ouderlinge is hy ordelik in die besondere amp bevestig (1 Timoteus 4:14).

In Timoteus rig die geïnspireerde apostel hom tot die hele na-apostoliese kerk wat uit die geïnspireerde Skrif lewe (2 Timoteus 3:16). Hy sien in profetiese perspektief die kerk onder die nuwe verbond van die eerste eeu af tot die wederkoms van die Here Jesus Christus wat die lewendes en die dooies by sy verskyning sal oordeel (2 Timoteus 4:1).

Die teks is 'n opdrag. Dit is swaar gelaai. Die Heilige Gees stel ons voor die aangesig van God en sy Seun, Jesus Christus (2 Timoteus 4:1). Die bevel het die krag van 'n eed. Wie oortree, pleeg eedbreuk.

Die inhoud van die opdrag aan die na-apostoliese kerk lui kort en kragtig: Verkondig die Woord. Wanneer die huidige generasie wegval, vertrou die bediening toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer (2 Timoteus 2:2), totdat Christus kom.

Verkondig! Hierdie woord beteken letterlik: Wees 'n herout. Predikante, dra die boodskap van u Opdraggewer suiwer en volledig oor.

Die Woord is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo (Romeine 1:16). Dit bring redding en heil. Deur sy evangelie spreek die HERE ons vry van skuld en straf, uit genade, om Christus ontwil.

Die Woord en die prediking daarvan maak die natuurlike mens seer, breek

hom af. Dit is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard. Die Woord beoordeel die oorlegginge en gedagtes van die hart (Hebreërs 4:12). Die Woord is ook die swaard van die Heilige Gees (Efesiërs 6:17), waardeur hy ons wederbaar en tot nuwe mense maak (1 Petrus 1:23-25).

Ja, die hele lewe word nuut, want die heroutdiens van die kerk proklameer die koninkryk van Jesus Christus (2 Timoteus 4:1). Die Here is Koning. Hy het heerskappy oor huweliks- en gesinslewe, oor opvoeding en onderwys. Jesus het die hoogste seggenskap in ons in- en ontspanning, in ons kunsuiting, ons werk en ons politieke lewe. Troue predikers verkondig hoe die Here, wat ons met sy lewe gekoop het, die hele lewe van God se kinders vernuwe.

Die verkondigde Woord is 'n lewensgeur wat lewe bewerkstellig vir almal wat gered word, maar ook 'n doodsgneur wat dood bring vir diegene wat verlore gaan (2 Korintiërs 2:16). Dit is die eerste van die twee sleutels van die hemelryk (HK, antwoord 83). Volgens dié verkondiging sal God sowel in hierdie as in die toekomstige lewe oordeel (HK, antwoord 84)

Verkondig die Woord. Hierdie indringende bevel dryf elke predikant tot voortdurende selfbeproeving. As 'n mens by die Skrif byvoeg – God sal oor hom die plaë byvoeg waarvan in die Bybel geskrywe is. As iemand, predikant of gewone lidmaat, van God se Woord wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe (Openbaring 22:18-19).

Troue predikante is soos Johannes die Doper, vriende van die Bruidegom (Johannes 3:29-30). Hulle bind die gemeente nie aan hulleself nie maar aan Christus. Sulke dominees hou aan, tydig en ontydig. Hierdie heroute weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering, selfs as ongelowiges dit nie verdra nie en

weghardloop (2 Timoteus 4:2-3).

Verkondig die Woord. Hierdie opdrag hou vir die gemeente in: eis die suiwer bediening van die volle Woord. Kerkrade, hou toesig, met die daad, oor die leer en wandel van die predikante. Lidmate, julle is nie leke nie. Julle is 'n koninklike priesterdom, sê die Gees (1 Petrus 2:9). Julle het die salwing van die Heilige (1 Johannes 2:20, 27) en is daarom profete, priesters en konings (HK, antwoord 32).

Lewende lidmate is skape wat die stem van die goeie herder ken en daarom nooit 'n vreemde volg nie (Johannes 10:4-5). Hulle volg nie blindelings nie. Van die gemeente in Berea staan geskrywe: Hulle het die verkondigde Woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrif ondersoek of hierdie dinge so was (Handelinge 17:11).

Die suiwer prediking van die volle Woord is die eerste kenmerk van die kerk (NGB, artikel 29). Waar dit geskied, ontstaan 'n wisselwerking tussen prediker en gemeente. Die lidmate kom wanneer die Here hulle tot sy eredienste roep om hulle deur sy heroutdiens te ontmoet. Daar bloei die lewe. Almal gedra hulle, op Sondag en gedurende die week, ooreenkomstig die suiwer Woord van God. Hulle verwerp alles wat daarmee in stryd is en erken Jesus Christus as die enigste Hoof (NGB, artikel 29).

Ons geskiedenis getuig oorvloedig dat ons volk hierdie opdrag verstaan het. Met die koms van Jan van Riebeeck is die kerk in Suid-Afrika geplant. Die Voortrekkers het troue predikers gesoek en huisgodsdienste gehou. So het die Here hulle gebring tot die oordenking van sy Woord (Psalm 1:2).

Ons volk is tans in 'n proses van ontkerstening en ontkerkliking. Die HERE roep: Keer terug na My, na my heroutdiens in die kerk, anders

kom Ek gou na julle toe. Hy sal die kandelaar van sy plek verwyder as ons nie tot bekering kom nie (Openbaring 2:5).

Verkondig die Woord. Hierdie bevel van die Gees bring 'n gelowige volk

met gevoude hande op die knieë. Ag HERE, gee tog suiwer prediking van u volle Woord, en 'n volk wat u eredienste bywoon en u naam vrees en die norme van u evangelie in die praktyk hanteer.

As die kerk tot reformatie kom deur ware kerkopbou, die suiwer verkondiging van die Woord en gelowige bywoning daarvan – dan sal dit met ons land en met ons nasie wel wees: God regeer!

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

## Die Da Vinci Kode

Vir 'n hele aantal maande is die boek *The Da Vinci Code* 'n wêreldwye topverkoper. Dit is 'n avontuurroman wat daarop aanspraak maak om historiese gegewens te verwerk. Die mikpunt is om by die 'egte waarheid' van die christendom uit te kom. Die kerk word daarvan beskuldig dat sy eeue lank sekere feite rondom Jesus verswyg het. Dan Brown, skrywer van *The Da Vinci Code*, onthul – na sy mening – die waarheid insake die oorspronklike christendom.

In *Centraal Weekblad* van 4 Februarie 2005, soos bespreek in *Nader Bekeken* van Maart 2005, gee dr Reender Kranenburg 'n insiggewende oorsig oor die inhoud van die boek. Hy wys ook op moontlike effekte wat die boek op lesers kan hê. Omdat dit 'n roman is wat op groot skaal gelees word, is dit voor die hand liggend dat die boek nie ongesiens aan die leserspubliek wêreldwyd verbygegaan het, en verbygaan nie.

Dr Kranenburg skryf:

*In baie godsdienste van die oudheid, soos die misteriegodsdienste, die gnostiese strominge en die hellenistiese inwydingsgodsdienste, het dit volgens Dan Brown in wese oor die verering van die 'heiligh vroulike' gegaan. Die verering van die 'heiligh vroulike' gebeur in 'n ritueel waarin man en vrou gemeenskap het. Seksuele vereniging is 'n sakramentele handeling. In die hoogtepunt tydens die vereniging ervaar die mens vir 'n oomblik iets van die ewig goddelike. Orgasme is 'n mistieke ervaring. Dit is vanselfsprekend dat in hierdie godsdienste die vroulike aspek baie hoog aangeslaan word. Volgens Brown was dit die bedoeling van Jesus*

*om 'n soortgelyke godsdiens te stig, waarin die harmonie van manlik en vroulik tot stand kom. Jesus het dan ook 'n vroulike 'partner' gehad, naamlik Maria Magdalena. Allerlei tekste in die Bybel verwys na die ritueel van die heilige huwelik. Jesus, wat geen goddelike wese was nie, het hierdie wysheid van die 'heiligh vroulike' in praktyk gebring.*

*Die nuwe godsdiens wat Jesus gestig het, het min of meer tot die vierde eeu standgehou. Toe kom Konstantyn die Grote, wat die christendom tot staatsgodsdienste verklaar en tegelyk 'n groot aantal streng maatreëls tref. Hy het die Konsilie van Nicea laat verklaar dat Jesus 'n goddelike persoon was. Hy het ook die kanon van die Nuwe Testament vasgestel, en sodoende tientalle ander evangelies (meestal gnostiese evangelies wat die religie van die vroulike verkondig) uitgesluit en vernietig. By dit alles het Konstantyn al die oorblywende heidense godsdienstige en gnostiese strominge onderdruk. Hy het dit uitgeroei met die motivering dat die godsdiens van die vroulike harmonie moes verdwyn. Dit is aan Konstantyn te danke dat Maria Magdalena 'n groot onbekende, oor wie 'n mens nie mag praat nie, geword het.*

*Godsdienste verdwyn volgens Brown egter nie oornag nie, maar word geforseer om ondergronds verder te werk. Nou en dan kry dit publisiteit, maar dikwels bly dit verborge. Voorbeelde van die ou godsdiens wat sonder ophou verder gewerk het is die 'Tempeliers', die 'Kathare' en veral die sogenaamde 'Prieure de Sion'. Laasgenoemde is 'n genootskap wat meer as duisend*

*jaar gelede gestig is en vandag nog bestaan. Talle beroemde mense was lid daarvan, onder andere Leonardo da Vinci. In legendes en verhale is daar 'n soeke na die goddelike harmonie met die vroulike, wat gesimboliseer word in die soektog na die graf van Maria Magdalena.*

*Godsdienste van die 'heiligh huwelik', waarby seksuele vereniging 'n rituele en sakramentele rol vervul, het volgens Brown nog altyd voorgekom. Reeds in die Ou Testament is dit sigbaar in die kultus van Baäl en Astarte. In ons tyd tree dit na vore in bepaalde vorms van Hindoeïsme. Tog is dit nie iets waaraan alle godsdienste geken word nie. Intendeel. Slegs enkele strominge ken dit. In ander godsdienste is seksuele verkeer op vermeerdering van die menslike geslag gerig en nie soseer op die heiligh sakramentele waarde wat dit het nie.*

Dr Kranenburg oordeel soos volg:

*Die Da Vinci Kode is vol historiese onwaarhede. Konstantyn het nooit op die Konsilie van Nicea Jesus tot God verklaar nie; Jesus is al in die Nuwe Testament as Seun van God geglo en bely. Konstantyn het geen kanon vasgestel nie; die kanon van die Nuwe Testament was in beginsel al aan die einde van die tweede eeu bekend. Konstantyn het nie tientalle ander verhale oor Jesus verbied, soos deur Brown beweeg word nie. Ook het Konstantyn nie daarop uitgegaan om Maria Magdalena swart te smeer nie. By dit alles is Brown se opvattinge oor die 'Tempeliers' en oor die 'Prieure de Sion' hoogs twyfelagtig. Alhoewel Brown vooraf in sy boek sê dat dit 'n feit is dat ons hier met 'n eeue-oue genootskap te doen het, is die 'Prieure*

de Sion'-groep in werklikheid ongeveer 50 jaar gelede opgerig deur 'n Fransman wat homself en sy land skoon en suiwer wou hou.

Die vraag is: waar kry Brown sy kennis vandaan? Hy het dit nie self uitgedink nie; dit erken hy self. Sy boek 'The Da Vinci Code' is hoofsaaklik geïnspireer deur twee ander boeke: 'Die heilige boek en die heilige graal' van Baigent, Leigh en Lincoln (1982), asook 'Die vrou met die albaste kruik' van Margaret Starbird (1993). In beide hierdie boeke word voorgestel dat Jesus met Maria Magdalena getroud was. Brown het die materiaal van dié en ander boeke in sy roman verwerk.

'n Laaste vraag waarop dr Kranenburg 'n antwoord gee is: Hoe is dit moontlik dat die boek van Brown met sy 'onthulling' oor die christendom so populêr is? Die antwoord kom van Brown self: mense hou van samesweringsteorieë. Dit wil sê mense het dikwels 'n vae gevoel dat die werklikheid anders is as wat dit altyd gesê word. Mense

voel dikwels bedreig: is daar nie miskien onbekende, geheimsinnige, maar nietemin gevaarlike kragte agter die skerms aan die werk wat probeer om ons lewens te vernietig nie? Dié vrese en vae laat mense onophoudelik soek. Die verhaal van die christendom is in die weste oorbekend. Dit het droog en eensydig geraak. Wie sê dit is die waarheid? Kon dinge nie dalk anders gewees het nie? Dit is deel van menswees om na 'n ander verklaring van sake te soek en sodoende 'n beter wêreld te probeer skep.

Ook in Suid-Afrika het die Da Vinci Code die nodige rimpelings veroorsaak. Sommige reageer krielrig, soos 'n anonieme briefskrywer in Beeld van 4 Junie 2005: 'Dan Brown ná Harry Potter nou vyand nommer 1?' Met verwysing na Brown se eie woorde 'dat die storie as katalisator kan dien vir mense om die belangrike onderwerpe van geloof, godsdiens en geskiedenis te bespreek', meen die

briefskrywer: Hy (Brown) het dit fantasties reggekry! Dis heerlik om groepe mense in restaurante te hoor gesels oor Jesus, Jesus, Jesus! Die skrywer is op sy mening geregtig. Die vraag is egter: wát gesels mense in restaurante so luidrugtig oor Jesus, Jesus, Jesus? Die feit dat mense oor Jesus praat is nog nie te sê dat hulle Hom in alles eer en dat die Woord aan die woord kom nie.

'n Slotopmerking van dr Kranenburg laat 'n mens dink:

'n Menigte vals en onbetroubare inligting word met 'The Da Vinci Code' oor die mensdom uitgegiet. Baie lesers sal onmiddellik sien dat dit vals is, maar 'n groot aantal begin die Skrif bevraagteken. Ek is seker daarvan dat ek binnekort 'n opmerking kry: 'maar dit is mos 'n feit dat Maria Magdalena die vrou van Jesus was'.

Hoe lank moet 'n valsheid vir waarheid verkondig word voordat dit geglo word?

## Babelse ver-Warren

In Nederlands Dagblad van 19 Maart 2005 verskyn 'n artikel oor die invloed van Rick Warren se *The Purpose Driven Life* op die Gereformeerde Kerke in Nederland. Dit is duidelik dat Rick Warren se ster ook in dié land helder skyn. Nie dat almal positief daarop reageer nie. In die artikel word twee uiteenlopende reaksies weergegee.

Voorstander

In die Vrijgemaakt Gereformeerde/Christeljk Gereformeerde samewerkingsgemeente in Enkhuyzen is die mense entoesiasies oor Rick Warren. Daar is baie positiewe reaksies. Mense getuig dat hulle meer insig in hulle geloof kry. Deur die lees van die boek word hulle aandag bepaal by dit waaroor die lewe werklik gaan. Die predikant van die gemeente, ds A de Ruiter, vertel dat sy gemeente besig is met die deurwerk van die 40 doelgerigte dae. Die

kombinasie van daaglikse lees van die boek, gesprekvoering daarvoor in kleingroepe en uiteindelik 'n erediens oor dieselfde onderwerp, werk volgens hom baie goed. Volgens ds De Ruiter neem ook heelwat buitestaanders aan die gesprek in die gemeente deel. Dit is meestal mense uit kerke waar vrysinnigheid gepreek word. Hulle bemerk in Warren se boek 'n Bybelgetrouheid wat hulle in hul tuisgemeentes mis. Ds de Ruiter som sy persoonlike ervaring van die boek soos volg op: 'n Mens se denke word daarin onderdompel. Die boek van Rick Warren kry op die boekrak 'n plek by die ander boeke wat my werklik gevorm het. Dit is dogmatiek op sy beste. Dit handel oor werklike lewensvrae. Warren wys die weg vanuit die Skrif.' Ds de Ruiter spreek die hoop uit dat die boek van Warren ook ná die 40 dae waarin dit behandel word, 'n rol in die gemeente bly speel.

Ds de Ruiter jubel. 'n Boek wat 'n ereplek op sy rak kry. 'n Dogmatiek op sy beste.

Teenstander

'n Uitgesproke teenstander van die 'bemarkingstrategieë' van Rick Warren is die behoudend-evangeliese internetskrywer AP Geelhoed. Geelhoed skryf: 'die uitsonderlike van Warren is dat hy die bemarkings-aanpak met die toepassing van moderne bestuurstegnieke gekombineer het. Hy het vasgestel volgens watter insigte en beginsels besighede bedryf word en dit bewustelik op die opbou van sy gemeente toegepas. Die resultate lyk astronomies. Daar ontstaan megagemeentes. Dit lyk asof Warren se metode oral kan werk, in dié sin dat gemeentes dikwels in getalle groei.'

Volgens Geelhoed verkondig Warren egter 'n 'alleen positief'-boodskap.

Hy skraap 'n klompie Bybeltekste en vertalings bymekaar en skuif sentrale heilswoorde soos sonde en verlossing op die kantlyn. Hy lei die aandag na die tema's wat hy in sy boek stel en bring nie die sentrale tema van die Skrif aan die orde nie. Die gevolg is dat die lesers gelei word in dit wat vir hulle lekker voel. 'n Metode is reg solank as wat dit die regte uitwerking het. Volgens Geelhoed sien min mense in hoe vernietigend die werkwyse van Warren uiteindelik vir die saak van Christus is.

Geelhoed sidder. Dié boek hoort nie op die rak van 'n teoloog tuis nie. Ook nie op die rak van enige ander gelowige kind van God nie.

In *Nederlands Dagblad* van 23 Maart 2005 sluit mev Y Veeffkind-Eenkhorn by die debat aan. Sy skryf:

Daar staan heelwat mooi dinge in die boek wat ek met instemming gelees het. Ek het baie dinge geleer wat belangrik is om in die lewe van die christen toe te pas. Wat my egter

*lankal pla – nie alleen van hierdie boek nie maar oor die algemeen – is die teenwoordige geneigdheid om alles wat uit Amerika of Engeland na ons toe kom, amper kritiekloos te sluk. Is ons nie besig om ons eie ryk erfenis te vergeet nie? Ek ervaar in die boek van Rick Warren veral op die punt van die regverdigmaking en heiligmaking geen bevryding, soos die Bybel (en in navolging daarvan die Kategismus en die NGB) daaroor praat nie. Met die lees van die boek ervaar ek sweepslae wat op my neerreën. Ek moet self my heiliging uitwerk. Maar Paulus skryf heel anders daaroor. Dit is ook verbasend hoe goed Warren weet wat God alles wel en nie van ons verwag nie. Ek skrik vir Warren se negatiewe uitkyk op hierdie aarde en ons tydelike verblyf hier op aarde. Verseker het die ou aarde deur ons toedoen 'n tranedal geword. Dit was nie God se bedoeling nie, en daarom belowe Hy vir ons 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde waar geregtigheid woon. Warren praat egter alleen maar van 'n nuwe hemel. Die nuwe aarde bly buite beeld.*

Warren belowe dat ons, as ons werklik aan die groot gebod en groot opdrag toegewy is, 'n uitmuntende christen sal wees (dag 39). En uitmuntende christene hoef nie die dag van afrekening te vrees nie. God kan baie tevrede wees met kinders wat Hom so getrou dien (dag 4). Die christen kan sy ewige beloning met blydskap

tegemeet gaan. In die hemel het hy reg op 'n hoë posisie met ewige verantwoordelikhede. Hierdie gedagte van Warren bots ten ene male met die kern van die evangelie wat leer dat die mens uit homself tot niks goeds in staat is nie. Alles is genade.

Mev Veeffkind-Eenkhorn beveel ten slotte aan dat ter wille van geloofsgroei en gemeente-opbou daar deeglike Bybelstudie moet wees. Dit is ook goed om studieboeke by die bestudering van die Bybel te gebruik. Maar die blote feit dat 'n bepaalde boek 'n treffer op die wêreldlys is, waarborg nog nie dat die boek goed is nie. Haar slotsom: *Rick Warren dryf jou na wettisisme.*

Dieselfde verwarring wat in Nederland oor Warren bestaan, heers in Suid-Afrika. Party jubel, ander ween. In *Waarheid en Dwaling*, Januarie 2005 is 'n omvangryke bespreking van *The Purpose Driven Life* gepubliseer, met die bedoeling dat elke leser self tot gesonde oordeelvorming kan kom. Tog is dit so dat daar by baie (kerk)mense nog twyfel oor die inhoud en bruikbaarheid van die boek bestaan. In die lig van alles wat reeds gepubliseer is, en in ag genome die artikels wat hierbo weergegee is, behoort die saak uitgemaak te kan word. Die wortel van die kwaad is oorvloedig uitgewys.

#### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

##### Redaksie:

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

##### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Dr EA de Boer  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

##### Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

##### Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling  
Spaarrekening 9054701904  
ABSA, Waverley, Pretoria**

##### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

## Arso - skoolboeke

Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys (Arso) maak goeie vordering met die beskikbaarstelling van gereformeerde skoolhandboeke. Die volgende is beskikbaar en kan bestel word by Die Boekuitgewers, posbus 1607, Queenswood, 0121, tel/faks 012 329 0031, e-pos [iti03960@mweb.co.za](mailto:iti03960@mweb.co.za)

<b>Vir graad 1</b>	Lewensoriëntering.....R41	Kerkgeskiedenis.....R42
Bybel-werkboek.....R42	MSW en EBW.....R39	Geloofsleer.....R26
Lewensvaardigheid 2.....R32	Vir graad 5	<b>Vir Graad 10</b>
Lewensvaardigheid 3.....R37	Kerkgeskiedenis-werkb.....R35	Geloofsleer.....R26
<b>Vir graad 2</b>	Afrikaans.....R65	Bybel-handboek.....R35
Bybel-werkboek.....R39	<b>Vir graad 6</b>	Religieuse studies
Skrif-werkboek.....R51	Kerkgeskiedenis-handboek....R32	en kerkgeskiedenis.....R40
Taalleer-werkboek 1.....R41	Kerkgeskiedenis-werkboek....R22	<b>Vir graad 11</b>
Taalleer-werkboek 2.....R41	Ekonom. Best. wet.-handboek....R41	Bybel-handboek.....R33
Spelling-werkboek.....R42	Ekonom. Best. wet.-werkboek....R32	Kerkgeskiedenis.....R32
Gesyferdheid 1.....R42	Lewensoriëntering.....R42	<b>Vir graad 1 – 3</b>
<b>Vir graad 3</b>	<b>Vir graad 7</b>	Bybelhandleiding
Skrif-werkboek.....R28	Kerkgeskiedenis-handboek....R35	vir onderwysers.....R34
Bybel-werkboek.....R36	Kerkgeskiedenis-werkboek....R22	<b>Algemeen</b>
Gesyferdheid 1.....R42	<b>Vir graad 8</b>	Dit is Gereformeerde
Gesyferdheid 2.....R42	Bybel-handboek.....R39	onderwys.....R25
<b>Vir graad 4</b>	Geloofsleer-handboek.....R25	<b>Vir Aros</b>
Bybel-werkboek.....R27	Kerkgeskiedenis.....R35	Normatiewe maatskappyleer .R32
Kerkgeskied.-handboek.....R32	<b>Vir graad 9</b>	
Kerkgeskied.-werkboek.....R22	Bybel-handboek.....R39	